*(aa)* employee (or former employee);

*(bb)* director (or former director); or

*(cc)* dependant or nominee of the employee (or former employee) or director (or former director),

of the taxpayer; or

(ii) any pension fund, pension preservation fund, provident fund, provident preservation fund or retirement annuity fund for the benefit of any—

*(aa)* employee (or former employee);

*(bb)* director (or former director); or

aandeel deur die belastingpligtige in daardie ander maatskappy gehou, ingesluit by die inkomste van die belastingpligtige—

*(a)* (i) namate die vrygestelde dividend ontvang word deur of toeval aan die belastingpligtige binne 'n tydperk van 18 maande voor of as deel van die beskikking;

(ii) indien die belastingpligtige onmiddellik voor die beskikking—

*(aa)* die aandele waaroor beskik word as handelsvoorraad gehou het; en

*(bb)* meer as 50 persent van die ekwiteitsaandele in die ander maatskappy gehou het; en

(iii) indien die ander maatskappy (of enige maatskappy waarin daardie ander maatskappy direk of indirek meer as 50 persent van die ekwiteitsaandele hou) binne 'n tydperk van 18 maande voor daardie beskikking, enige lening of voorskot verkry het of enige skuld aangegaan het omrede of ten gevolge van die beskikking—

*(aa)* verskuldig aan die persoon wat die aandele verkry of enige verbonde persoon met betrekking tot daardie persoon; of

*(bb)* wat gewaarborg of andersins gesekuritiseer word deur die persoon wat die aandele verkry of enige verbonde persoon met betrekking tot daardie persoon; en

*(b)* indien oor die aandeel ten opsigte waarvan die vrygestelde dividend aldus ontvang word of toeval deur daardie maatskappy beskik word binne 'n tydperk van 45 dae na die datum van toevalling ten opsigte van daardie vrygestelde dividend.

(3) By die toepassing van subartikel (2)*(a)* word die bedrag wat by die inkomste van die belastingpligtige ingesluit moet word, beperk tot die bedrag van die lening, voorskot of skuld in subparagraaf (iii) van daardie subartikel beoog.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op die datum waarop Deel VIII van Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet, 1962, in werking tree.

**Wysiging van artikel 23 van Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 18 van Wet 65 van 1973, artikel 20 van Wet 121 van 1984, artikel 23 van Wet 129 van 1991, artikel 20 van Wet 141 van 1992, artikel 18 van Wet 113 van 1993, artikel 15 van Wet 21 van 1994, artikel 28 van Wet 30 van 2000, artikel 21 van Wet 30 van 2002, artikel 38 van Wet 45 van 2003, artikel 13 van Wet 16 van 2004, artikel 28 van Wet 31 van 2005, artikel 17 van Wet 20 van 2006, artikel 20 van Wet 8 van 2007, artikel 37 van Wet 60 van 2008 en artikel 41 van Wet 7 van 2010**

**47.** (1) Artikel 23 van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur die punt aan die einde van paragraaf *(o)* deur 'n kommapunt te vervang; en

*(b)* deur die volgende paragraaf na paragraaf *(o)* by te voeg:

"*(p)* die waarde ten opsigte van enige sessie van 'n versekeringspolis gesedeeer deur 'n belastingpligtige aan—

(i) enige—

*(aa)* werknemer (of voormalige werknemer);

*(bb)* direkteur (of voormalige direkteur); of

*(cc)* afhanklike of benoemde van die werknemer (of voormalige werknemer) of direkteur (of voormalige direkteur),

van die belastingpligtige; of

(ii) enige pensioenfonds, pensioenbewaringsfonds, voorsorgsfonds, voorsorgbewaringsfonds of uittredingsannuïteitsfonds ten behoewe van enige—

*(aa)* werknemer (of voormalige werknemer);

*(bb)* direkteur (of voormalige direkteur); of

*(cc)* dependant or nominee of the employee (or former employee) or director (or former director),

of the taxpayer;"; and

*(c)* by the addition after paragraph *(p)* of the following paragraph:

"*(q)* any expenditure incurred in the production of income in the form of foreign dividends.".

(2) Paragraphs *(a)* and *(b)* of subsection (1) come into operation on 1 March 2012 and apply in respect of policies ceded on or after that date.

(3) Paragraph *(c)* of subsection (1) comes into operation—

*(a)* insofar as it applies to any person that is a natural person, deceased estate, insolvent estate or special trust, on 1 March 2012 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date; and

*(b)* insofar as it applies to any person that is a person other than a natural person, deceased estate, insolvent estate or special trust, on 1 April 2012 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

**Amendment of section 23B of Act 58 of 1962, as inserted by section 25 of Act 129 of 1991 and amended by section 16 of Act 21 of 1994, section 29 of Act 30 of 2000, section 39 of Act 45 of 2003, section 18 of Act 20 of 2006 and section 42 of Act 7 of 2010**

**48.** (1) Section 23B of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

*(a)* by the addition after subsection (3) of the following subsection:

"(4) The provisions of subsection (3) shall not apply in respect of the deduction of expenditure incurred in respect of research and development contemplated in section 11D(8)."; and

*(b)* by the addition after subsection (4) of the following subsection:

"(5) No deduction shall be allowed under section 11*(a)* in respect of any expenditure incurred by a taxpayer in respect of any premium paid under a policy of insurance contemplated in section 11*(w)*.".

(2) Paragraph *(a)* of subsection (1) comes into operation on 1 April 2012 unless a later date is determined by the Minister by notice in the *Gazette* and applies in respect of expenditure incurred in respect of research and development on or after 1 April 2012 or such later date determined by the Minister by notice in the *Gazette* but before 1 April 2022.

(3) Paragraph *(b)* of subsection (1) comes into operation on 1 March 2012 and applies in respect of premiums incurred on or after that date.

**Insertion of section 23K in Act 58 of 1962**

**49.** (1) The Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the insertion after section 23J of the following section:

"**Limitation of deductions in respect of reorganisation transactions**

**23K.** (1) For the purposes of this section—

**'acquiring company'** means a transferee company contemplated in the definition of 'intra-group transaction' in section 45(1);

**'debt instrument'** means a debt instrument as defined in section 37I(1);

**'interest'** means interest as defined in section 24J;

**'reorganisation transaction'** means an intra-group transaction as defined in section 45(1) to which section 45 applies.

(2) Subject to subsections (3) and (9), no deduction is allowed in respect of any amount of interest incurred by an acquiring company in terms of a debt instrument if that debt instrument was issued or used directly or indirectly—

*(a)* for the purpose of procuring, enabling, facilitating or funding the acquisition by that acquiring company of any asset in terms of a reorganisation transaction; or

*(b)* in substitution for any debt instrument issued or used as contemplated in paragraph *(a)*.

*(cc)* afhanklike of benoemde van die werknemer (of voormalige werknemer) of direkteur (of voormalige direkteur),

van die belastingpligtige;"; en

*(c)* deur na paragraaf *(p)* die volgende paragraaf by te voeg:

"*(q)* enige uitgawes aangegaan by die voortbrenging van inkomste in die vorm van buitelandse dividende.".

(2) Paragrawe *(a)* en *(b)* van subartikel (1) tree op 1 Maart 2012 in werking en is van toepassing ten opsigte van polisse op of na daardie datum gesedeer.

(3) Paragraaf *(c)* van subartikel (1) tree in werking—

*(a)* wat betref 'n persoon wat 'n natuurlike persoon, gestorwe boedel, insolvente boedel of spesiale trust is, op 1 Maart 2012 en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin; en

*(b)* wat betref 'n persoon wat 'n persoon behalwe 'n natuurlike persoon, gestorwe boedel, insolvente boedel of spesiale trust is, op 1 April 2012 en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

**Wysiging van artikel 23B van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 25 van Wet 129 van 1991 en gewysig deur artikel 16 van Wet 21 van 1994, artikel 29 van Wet 30 van 2000, artikel 39 van Wet 45 van 2003, artikel 18 van Wet 20 van 2006 en artikel 42 van Wet 7 van 2010**

**48.** (1) Artikel 23B van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur na subartikel (3) die volgende subartikel by te voeg:

"(4) Die bepalings van subartikel (3) is nie van toepassing nie ten opsigte van die aftrekking van onkoste aangegaan ten opsigte van navorsing en ontwikkeling in artikel 11D(8) beoog."; en

*(b)* deur na subartikel (4) die volgende subartikel by te voeg:

"(5) Geen aftrekking word kragtens artikel 11*(a)* toegelaat nie ten opsigte van enige uitgawes aangegaan deur 'n belastingpligtige ten opsigte van enige premie betaal kragtens 'n versekeringspolis in artikel 11*(w)* beoog.".

(2) Paragraaf *(a)* van subartikel (1) tree op 1 April 2012 in werking tensy 'n later datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal word en is van toepassing ten opsigte van uitgawes aangegaan ten opsigte van navorsing en ontwikkeling op of na 1 April 2012 of die later datum deur die Minister by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal, maar voor 1 April 2022.

(2) Paragraaf *(b)* van subartikel (1) tree op 1 Maart 2012 in werking en is van toepassing ten opsigte van premies op of na daardie datum aangegaan.

**Invoeging van artikel 23K in Wet 58 van 1962**

**49.** (1) Die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur na artikel 23J die volgende artikel in te voeg:

"**Beperking van aftrekkings ten opsigte van reorganisasietransaksies**

**23K.** (1) By die toepassing van hierdie artikel beteken—

**'rente'** rente soos in artikel 24J omskryf; en

**'reorganisasietransaksie'** 'n intragroeptransaksie soos omskryf in artikel 45(1) waarop artikel 45 van toepassing is;

**'skuldinstrument'** 'n skuldinstrument soos in artikel 37I(1) omskryf;

**'verkrygende maatskappy'** 'n oordragnemende maatskappy beoog in die omskrywing van 'intragroeptransaksie' in artikel 45(1).

(2) Behoudens subartikels (3) en (9) word geen aftrekking toegelaat nie ten opsigte van enige bedrag van rente aangegaan deur 'n verkrygende maatskappy ingevolge 'n skuldinstrument indien daardie skuldinstrument direk of indirek uitgereik of gebruik is—

*(a)* ten einde die verkryging deur daardie verkrygende maatskappy van enige bate ingevolge 'n reorganisasietransaksie te bewerkstellig, in staat te stel, te fasiliteer of te befonds; of

*(b)* ter vervanging van enige skuldinstrument uitgereik of gebruik soos in paragraaf *(a)* beoog.

(3) Subject to subsection (5), the Commissioner may, on application by an acquiring company, issue a directive that subsection (2) does not apply in respect of an amount of interest incurred as contemplated in that subsection.

(4) In considering an application for a directive contemplated in subsection (3), the Commissioner—

*(a)* must take into account—
  (i) the amount of interest incurred as contemplated in subsection (2) by an acquiring company in terms of a debt instrument contemplated in that subsection; and
  (ii) all amounts of interest incurred, received or accrued in respect of all debt instruments issued or used directly or indirectly to fund a debt instrument in respect of which any amount of interest is incurred by an acquiring company as contemplated in subsection (2); and

*(b)* may only issue a directive contemplated in subsection (3) if and to the extent that the Commissioner is, having regard to the criteria prescribed by the Regulations contemplated in subsection (7), satisfied that the issuing of that directive will not lead nor be likely to lead to a significant reduction of the aggregate taxable income of all parties who incur, receive or accrue interest—
  (i) in respect of; and
  (ii) for all periods during which any amounts are outstanding in terms of,

  any debt instrument contemplated in subparagraphs (i) and (ii) of paragraph *(a)*:

Provided that in determining whether a reduction of taxable income is significant for the purpose of this subsection, the Commissioner must have regard to the criteria prescribed by the regulations contemplated in subsection (7).

(5) Any directive issued by the Commissioner in terms of subsection (3) may be made subject to such conditions and limitations as may be determined by the Commissioner.

(6) A directive issued by the Commissioner in terms of subsection (3) in respect of an amount of interest incurred in terms of a debt instrument must be effective from—

*(a)* the date on which that debt instrument was issued if the application for that directive is made—
  (i) on or before 31 December 2011, where that debt instrument was issued before 25 October 2011; or
  (ii) within 60 days of the date of issue of that debt instrument, where that debt instrument is issued on or after 25 October 2011; or

*(b)* the date on which the application for that directive is made if—
  (i) that debt instrument was issued before 25 October 2011 and that application is made after 31 December 2011; or
  (ii) that debt instrument is issued on or after 25 October 2011 and that application is made later than 60 days after the date of issue of that debt instrument.

(7) The Minister must make regulations that prescribe criteria that the Commissioner must, in terms of subsection (4)*(b)*, have regard to in considering any application made in terms of subsection (3) by an acquiring company in respect of any amount of interest incurred by such an acquiring company in terms of any debt instrument, which criteria must relate to—

*(a)* amounts of debt in relation to equity of such an acquiring company;

*(b)* total amounts of interest to be incurred by such an acquiring company in relation to total income of such an acquiring company;

(3) Behoudens subartikel (5) kan die die Kommissaris, by aansoek deur 'n verkrygende maatskappy, 'n aanwysing uitreik dat subartikel (2) nie van toepassing is nie ten opsigte van enige bedrag van rente aangegaan soos in daardie subartikel beoog.

(4) By die oorweging van 'n aansoek vir 'n aanwysing beoog in subartikel (3)—

*(a)* moet die Kommissaris in berekening bring—
   (i) die bedrag van rente aangegaan soos in subartikel (2) beoog deur 'n verkrygende maatskappy ingevolge 'n skuldinstrument beoog in daardie subartikel; en
   (ii) alle bedrae van rente aangegaan, ontvang of toegeval ten opsigte van alle skuldinstrumente direk of indirek uitgereik of gebruik vir die befondsing van 'n skuldinstrument ten opsigte waarvan enige bedrag van rente deur 'n verkrygende maatskappy aangegaan word soos in subartikel (2) beoog; en

*(b)* kan die Kommissaris slegs 'n aanwysing beoog in subartikel (3) uitreik indien en in die mate wat die Kommissaris, met inagneming van die maatstawwe voorgeskryf deur die Regulasies beoog in subartikel (7), tevrede is dat die uitreiking van daardie aanwysing nie sal lei of waarskynlik sal lei tot 'n beduidende vermindering van die totale belasbare inkomste van alle partye wat rente aangaan of ontvang of waaraan rente toeval—
   (i) ten opsigte van; en
   (ii) vir alle tydperke waartydens enige bedrae uitstaande is ingevolge,

   enige skuldinstrument beoog in subparagrawe (i) en (ii) van paragraaf *(a)* nie:

Met dien verstande dat by die bepaling of 'n vermindering van belasbare inkomste beduidend is al dan nie by die toepassing van hierdie subartikel die Kommissaris in ag moet neem die maatstawwe voorgeskryf deur die regulasies in subartikel (7) beoog.

(5) Enige aanwysing uitgereik deur die Kommissaris ingevolge subartikel (3) kan onderhewig gemaak word aan die voorwaardes en beperkings deur die Kommissaris bepaal.

(6) 'n Aanwysing uitgereik deur die Kommissaris ingevolge subartikel (3) ten opsigte van enige bedrag van rente aangegaan ingevolge 'n skuldinstrument tree in werking vanaf—

*(a)* die datum waarop daardie skuldinstrument uitgereik is indien die aansoek vir daardie aanwysing gemaak is—
   (i) op of voor 31 Desember 2011, waar daardie skuldinstrument voor 25 Oktober 2011 uitgereik is; of
   (ii) binne 60 dae vanaf die datum van uitreiking van daardie skuldinstrument, waar daardie skuldinstrument op of na 25 Oktober 2011 uitgereik is; of

*(b)* die datum waarop die aansoek om daardie aanwysing gemaak is indien—
   (i) daardie skuldinstrument voor 25 Oktober 2011 uitgereik is en daardie aansoek na 31 Desember 2011 gemaak word; of
   (ii) daardie skuldinstrument op of na 25 Oktober 2011 uitgereik word en daardie aansoek gemaak word meer as 60 dae na die datum van uitreiking van daardie skuldinstrument.

(7) Die Minister moet regulasies utvaardig wat maatstawwe voorskryf wat die Kommissaris, ingevolge subartikel (4)*(b)*, in ag moet neem by die oorweging van enige aansoek ingevolge subartikel (3) deur 'n verkrygende maatskappy gedoen ten opsigte van enige bedrag van rente aangegaan deur so 'n verkrygende maatskappy ingevolge enige skuldinstrument, welke maatstawwe betrekking moet hê op—

*(a)* bedrae van skuld met betrekking tot ekwiteit van so 'n verkrygende maatskappy;

*(b)* totale bedrae van rente aangegaan te word deur so 'n verkrygende maatskappy met betrekking tot totale inkomste van so 'n verkrygende maatskappy;

*(c)* terms of such a debt instrument, including the economic effect of such a debt instrument, having regard to any debt or equity features of such a debt instrument;
*(d)* the direct or indirect holding of shares in such an acquiring company by any holder (or any company that forms part of the same group of companies as the holder) of such a debt instrument; and
*(e)* any other factor prescribed by the Minister.

(8) *(a)* If, subsequent to the date on which a directive is issued by the Commissioner pursuant to an application made by an acquiring company in terms of subsection (3)—
(i) there is any material change in respect of any fact or circumstance which influenced any decision of the Commissioner relating to the issuing of that directive; and
(ii) that change would, had the change been anticipated by the Commissioner at the time of issuing the directive, have resulted in the Commissioner not issuing the directive or issuing the directive on terms that are less favourable to that acquiring company,

the directive will cease to apply with effect from the date on which that change takes effect.

*(b)* Where any decision relating to the issuing of a directive by the Commissioner in terms of subsection (3) was made by the Commissioner as a direct or indirect result of fraud, misrepresentation or non-disclosure of material facts, that directive will cease to apply with effect from the date that the directive took effect.

(9) The Minister may make regulations prescribing circumstances in which subsection (2) does not apply.”.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 3 June 2011 and applies in respect of any amount of interest incurred in terms of a debt instrument where that debt instrument was issued or used for the purpose of procuring, enabling, facilitating or funding the acquisition by an acquiring company of an asset in terms of a reorganisation transaction entered into on or after that date.

**Amendment of section 23K of Act 58 of 1962**

**50.** (1) Section 23K of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—
*(a)* by the substitution in subsection (1) for the definition of “acquiring company” of the following definition:
“ **‘acquiring company’** means—
*(a)* a transferee company contemplated in the definition of ‘intra-group transaction’ in section 45(1); or
*(b)* a holding company contemplated in the definition of ‘liquidation distribution’ in section 47(1);”; and
*(b)* by the substitution in subsection (1) for the definition of “reorganisation transaction” of the following definition:
“ **‘reorganisation transaction’** means—
*(a)* an intra-group transaction as defined in section 45(1) to which section 45 applies; or
*(b)* a liquidation distribution as defined in section 47(1) to which section 47 applies.”.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 3 August 2011 and applies in respect of any amount of interest incurred in terms of a debt instrument where that debt instrument was issued or used for the purpose of procuring, enabling, facilitating or funding the acquisition by an acquiring company of an asset in terms of a reorganisation transaction entered into on or after that date.

*(c)* bedinge van so ’n skuldinstrument, insluitend die ekonomiese uitwerking van so ’n skuldinstrument, met inagneming van enige skuld- of ekwiteitskenmerke van so ’n skuldinstrument;

*(d)* die direkte of indirekte hou van aandele in so ’n verkrygende maatskappy deur enige houer (of enige maatskappy wat deel uitmaak van dieselfde groep van maatskappye as die houer) van so ’n skuldinstrument; en

*(e)* enige ander faktor deur die Minister voorgeskryf.

(8) *(a)* Indien, na die datum waarop ’n aanwysing deur die Kommissaris uitgereik word uit hoofde van ’n aansoek ingevolge subartikel (3) deur ’n verkrygende maatskappy gedoen—

(i) daar enige wesenlike verandering is ten opsigte van enige feit of omstandigheid wat enige besluit van die Kommissaris met betrekking tot die uitreiking van daardie aanwysing beïnvloed het; en

(ii) daardie verandering, was die Kommissaris die verandering te wagte ten tye van die uitreiking van die aanwysing, tot gevolg sou gehad het dat die Kommissaris nie die aanwysing uitgereik het nie of die aanwysing sou uitgereik het op bedinge wat vir daardie verkrygende maatskappy minder gunstig is,

hou die aanwysing op om van toepassing te wees met ingang van die datum waarop daardie verandering plaasvind.

*(b)* Waar enige besluit met betrekking tot die uitreiking van ’n aanwysing deur die Kommissaris ingevolge subartikel (3) deur die Kommissaris geneem is as ’n direkte of indirekte gevolg van bedrog, wanvoorstelling of nie-openbaarmaking van wesenlike feite, hou daardie aanwysing op om van toepassing te wees met ingang van die datum waarop die aanwysing in werking getree het.

(9) Die Minister kan regulasies uitvaardig wat omstandighede voorskryf waarin subartikel (2) nie van toepassing is nie.”.

(2) Subartikel (1) word geag op 3 Junie 2011 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van enige bedrag van rente aangegaan ingevolge ’n skuldinstrument waar daardie skuldinstrument uitgereik of gebruik is met die doel om die verkryging van ’n bate deur ’n verkrygende maatskappy te bewerkstellig, in staat te stel, te fasiliteer of te befonds ingevolge ’n reorganisasietransaksie op of na daardie datum aangegaan.

**Wysiging van artikel 23K van Wet 58 van 1962**

**50.** (1) Artikel 23K van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die omskrywing van “verkrygende maatskappy” deur die volgende omskrywing te vervang:

“ **‘verkrygende maatskappy’**—

*(a)* ’n oordragnemende maatskappy beoog in die omskrywing van ‘intragroeptransaksie’ in artikel 45(1); of

*(b)* ’n houermaatskappy beoog in die omskrywing van ‘likwidasie-uitkering’ in artikel 47(1).”; en

*(b)* deur in subartikel (1) die omskrywing van “reorganisasietransaksie” deur die volgende omskrywing te vervang:

“ **‘reorganisasietransaksie**—

*(a)* ’n intragroeptransaksie soos omskryf in artikel 45(1) waarop artikel 45 van toepassing is; of

*(b)* ’n likwidasie-uitkering soos omskryf in artikel 47(1) waarop artikel 47 van toepassing is;”.

(2) Subartikel (1) word geag op 3 Augustus 2011 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van enige bedrag van rente aangegaan ingevolge ’n skuldinstrument waar daardie skuldinstrument uitgereik of gebruik is met die doel om die verkryging van ’n bate deur ’n verkrygende maatskappy te bewerkstellig, in staat te stel, te fasiliteer of te befonds ingevolge ’n reorganisasietransaksie op of na daardie datum aangegaan.

**Amendment of section 24F of Act 58 of 1962, as amended by section 17 of Act 85 of 1987, section 19 of Act 90 of 1988, section 24 of Act 101 of 1990, section 26 of Act 129 of 1991, section 30 of Act 59 of 2000, section 25 of Act 74 of 2002, section 32 of Act 31 of 2005 and section 22 of Act 8 of 2007**

**51.** (1) Section 24F of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the addition in subsection (2) after paragraph *(c)* of the following paragraph:

"*(d)* No deduction shall be allowed under this section in respect of any expenditure incurred in respect of—

(i) any film of which principal photography commences on or after 1 January 2012; or

(ii) any film after 31 December 2012.".

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2012.

**Amendment of section 24I of Act 58 of 1962, as inserted by section 21 of Act 90 of 1988 and amended by section 21 of Act 113 of 1993, section 11 of Act 140 of 1993, section 18 of Act 21 of 1994, section 13 of Act 36 of 1996, section 18 of Act 28 of 1997, section 35 of Act 30 of 1998, section 26 of Act 53 of 1999, section 31 of Act 59 of 2000, section 36 of Act 60 of 2001, section 27 of Act 74 of 2002, section 42 of Act 45 of 2003, section 23 of Act 32 of 2004, section 33 of Act 31 of 2005, section 26 of Act 9 of 2006, section 19 of Act 20 of 2006, section 23 of Act 8 of 2007, section 40 of Act 35 of 2007, section 20 of Act 3 of 2008 and section 47 of Act 7 of 2010**

**52.** (1) Section 24I of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for subsection (11A) of the following subsection:

"(11A) **[An]** No amount shall **[not]** be included in or deducted from the income of a **[resident]** person in terms of this section in respect of any exchange difference arising from any forward exchange contract or foreign currency option contract or premium in respect of any foreign currency option contract entered into by that **[resident]** person to hedge the purchase price in respect of the acquisition of the equity shares of a company by that **[resident]** person, or by any other **[resident]** person forming part of the same group of companies as that **[resident]** person, to the extent that—

*(a)* **[that resident, or that other resident, as the case may be, acquires or is entitled to acquire,]** no less than 20 per cent of the equity shares of that company will, after that acquisition, be held by that person or that other person, as the case may be; and

**[*(b)* that company will, after that acquisition, be a controlled foreign company (as defined in section 9D(1)) in relation to that resident or that other resident, as the case may be; and]**

*(c)* (i) in the case of an acquisition by that **[resident]** person, that amount is not included in the income statement of that **[resident]** person utilised for financial reporting purposes pursuant to International Financial Reporting Standards**[,]** ; or

(ii) in the case of an acquisition by another **[resident]** person forming part of the same group of companies as that **[resident]** person, that amount is not included in the consolidated income statement forming part of the annual financial statements of a group for purposes of financial reporting pursuant to International Financial Reporting Standards or South African Statements of Generally Accepted Accounting Practice in terms of which the aforementioned **[residents]** persons are viewed as part of that group for purposes of those Standards or Statements.".

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2012 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

**Wysiging van artikel 24F van Wet 58 van 1962, soos gewysig deur artikel 17 van Wet 85 van 1987, artikel 19 van Wet 90 van 1988, artikel 24 van Wet 101 van 1990, artikel 26 van Wet 129 van 1991, artikel 30 van Wet 59 van 2000, artikel 25 van Wet 74 van 2002, artikel 32 van Wet 31 van 2005 en artikel 22 van Wet 8 van 2007**

**51.** (1) Artikel 24F van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur in subartikel (2) na paragraaf *(c)* die volgende paragraaf by te voeg:

"*(d)* Geen aftrekking word kragtens hierdie artikel toegelaat nie ten opsigte van enige uitgawes aangegaan ten opsigte van—

(i) enige rolprent waarvan hoof fotografie op of na 1 Januarie 2012 begin; of

(ii) enige rolprent na 31 Desember 2012.".

(2) Subartikel (1) tree op 1 Januarie 2012 in werking.

**Wysiging van artikel 24I van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 21 van Wet 90 van 1988 en gewysig deur artikel 21 van Wet 113 van 1993, artikel 11 van Wet 140 van 1993, artikel 18 van Wet 21 van 1994, artikel 13 van Wet 36 van 1996, artikel 18 van Wet 28 van 1997, artikel 35 van Wet 30 van 1998, artikel 26 van Wet 53 van 1999, artikel 31 van Wet 59 van 2000, artikel 36 van Wet 60 van 2001, artikel 27 van Wet 74 van 2002, artikel 42 van Wet 45 van 2003, artikel 23 van Wet 32 van 2004, artikel 33 van Wet 31 van 2005, artikel 26 van Wet 9 van 2006, artikel 19 van Wet 20 van 2006, artikel 23 van Wet 8 van 2007, artikel 40 van Wet 35 van 2007, artikel 20 van Wet 3 van 2008 en artikel 47 van Wet 7 van 2010**

**52.** (1) Artikel 24I van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig deur subartikel (11A) deur die volgende subartikel te vervang:

"(11A) **['n Bedrag]** Geen bedrag word **[nie]** by die inkomste van 'n **[inwoner]** persoon ingevolge hierdie artikel ingesluit of daarvan afgetrek nie ten opsigte van enige valutaverskil wat ontstaan uit enige valutatermynkontrak of buitelandse valuta-opsiekontrak of premie ten opsigte van enige buitelandse valuta-opsiekontrak deur daardie **[inwoner]** persoon aangegaan om as dekking te dien vir die koopprys ten opsigte van die verkryging van die ekwiteitsaandele van 'n maatskappy deur daardie **[inwoner]** persoon of deur enige ander **[inwoner]** persoon wat deel van dieselfde groep van maatskappye as daardie **[inwoner]** persoon vorm, in die mate wat—

*(a)* **[daardie inwoner, of daardie ander inwoner, na gelang van die geval,]** nie minder nie as 20 persent van die ekwiteitsaandele van daardie maatskappy **[te verkry of geregtig is om dit te verkry]** na daardie verkryging deur daardie persoon of daardie ander persoon, na gelang van die geval, gehou sal word; en

**[*(b)* daardie maatskappy, na daardie verkryging, 'n beheerde buitelandse maatskappy (soos in artikel 9D(1) omskryf) met betrekking tot daardie inwoner of ander inwoner, na gelang van die geval, sal wees; en]**

*(c)* (i) in die geval van 'n verkryging deur daardie **[inwonder]** persoon, daardie bedrag nie ingesluit is nie by die inkomstestaat van daardie **[inwoner]** persoon gebruik vir doeleindes van finansiële verslagdoening volgens Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde; of

(ii) in die geval van 'n verkryging deur 'n ander **[inwoner]** persoon wat deel vorm van dieselfde groep van maatskappye as daardie **[inwoner]** persoon, daardie bedrag nie ingesluit is nie by die gekonsolideerde inkomstestaat wat deel uitmaak van die finansiële jaarstate van 'n groep vir doeleindes van finansiële verslagdoening volgens Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde of Suid-Afrikaanse Standpunte van Algemeen Aanvaarde Rekeningkundige Praktyk **[in terme]** ingevolge waarvan die voormelde **[inwoners]** persone beskou word as deel van daardie groep vir doeleindes van daardie Standaarde of Standpunte.".

(2) Subartikel (1) tree op 1 Januarie 2012 in werking en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

**Amendment of section 24J of Act 58 of 1962, as inserted by section 21 of Act 21 of 1995 and amended by section 14 of Act 36 of 1996, section 19 of Act 28 of 1997, section 27 of Act 53 of 1999, section 24 of Act 32 of 2004, section 10 of Act 9 of 2005 and section 20 of Act 20 of 2006**

**53.** (1) Section 24J of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

*(a)* by the insertion in subsection (1) of the following definition after the definition of ''alternative method'':

'' **'date of redemption'**, in relation to an instrument other than a demand instrument, means—

*(a)* where—

(i) the terms of that instrument specify a date on which all liability to pay all amounts in terms of that instrument will be discharged; and

(ii) the date so specified is not, in terms of the instrument, subject to change, whether as a result of any right, fixed or contingent, of the holder of that instrument or otherwise,

that date; or

*(b)* where—

(i) the terms of that instrument do not specify a date as contemplated in paragraph *(a)*(i); or

(ii) that date, if so specified, is subject to change as contemplated in paragraph *(a)*(ii),

the date on which, on a balance of probabilities, all liability to pay all amounts in terms of that instrument is likely to be discharged;'';

*(b)* by the insertion in subsection (1) after the definition of ''deferred interest'' of the following definition:

'' **'demand instrument'** means any instrument where the holder of that instrument has, at any time during a year of assessment, a right to require the redemption of that instrument at any time before the date specified in terms of that instrument as the date of redemption of that instrument;'';

*(c)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the definition of ''instrument'' of the following paragraph:

''*(a)* any **[stock,]** bond, debenture, bill, promissory note, certificate or similar arrangement;''; and

*(d)* by the substitution in subsection (1) for the definition of ''term'' of the following definition:

'' **'term'**, in relation to—

*(a)* a demand instrument, means a period of 365 days commencing on the date of issue or transfer of that instrument; or

*(b)* an instrument other than a demand instrument, means the period commencing on the date of issue or transfer of that instrument and ending on the date of redemption of that instrument;''.

(2) Paragraphs *(a)*, *(b)* and *(d)* of subsection (1) come into operation on 1 April 2012 and apply in respect of amounts received by or accrued to or incurred by any person during years of assessment commencing on or after that date.

**Amendment of section 24JA of Act 58 of 1962, as inserted by section 48 of Act 7 of 2010**

**54.** (1) Section 24JA of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for the definition of ''murabaha'' of the following definition:

'' **'murabaha'** means a sharia arrangement between a financier and a client of that financier, one of which is a bank, whereby—

*(a)* the financier will acquire an asset from a third party (the seller) for the benefit of the client on such terms and conditions as are agreed upon between the client and the seller;

*(b)* the client—

**Wysiging van artikel 24J van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 21 van Wet 21 van 1995 en gewysig deur artikel 14 van Wet 36 van 1996, artikel 19 van Wet 28 van 1997, artikel 27 van Wet 53 van 1999, artikel 24 van Wet 32 van 2004, artikel 10 van Wet 9 van 2005 en artikel 20 van Wet 20 van 2006**

**53.** (1) Artikel 24J van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die volgende omskrywing na die omskrywing van ''aflossingsbetaling'' in te voeg:

'' **'aflossingsdatum'**, met betrekking tot 'n instrument behalwe 'n opeisbare instrument—

*(a)* waar—

(i) die bedinge van daardie instrument 'n datum vermeld waarop die volle verpligting om alle bedrae ingevolge daardie instrument te betaal, afgelos sal word; en

(ii) die datum aldus vermeld nie, ingevolge die instrument, aan verandering onderhewig is nie, hetsy as gevolg van 'n reg, vas of gebeurlik, van die houer van daardie instrument of andersins,

daardie datum; of

*(b)* waar—

(i) die bedinge van daardie instrument nie 'n datum vermeld soos beoog in paragraaf *(a)*(i) nie; of

(ii) daardie datum, indien aldus vermeld, aan verandering onderhewig is soos in paragraaf *(a)*(ii) beoog,

die datum waarop, volgens oorwig van waarskynlikheid, die volle verpligting om alle bedrae ingevolge daardie instrument te betaal, waarskynlik afgelos sal word;'';

*(b)* deur in subartikel (1) die volgende omskrywing na die omskrywing van ''opbrengs tot op vervaldatum'' in te voeg:

'' **'opeisbare instrument'** enige instrument waar die houer van daardie instrument, te enige tyd gedurende 'n jaar van aanslag, 'n reg het om die aflossing van daardie instrument te vereis te enige tyd voor die datum ingevolge daardie instrument as die aflossingsdatum van daardie instrument vermeld;'';

*(c)* deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* van die omskrywing van ''instrument'' deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* 'n **[effek,]** obligasie, skuldbrief, wissel, promesse, sertifikaat of soortgelyke reëling;''; en

*(d)* deur in subartikel (1) die omskrywing van ''termyn'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'termyn'**, met betrekking tot—

*(a)* 'n opeisbare instrument, 'n tydperk van 365 dae wat begin op die datum van uitreiking of oordrag van daardie instrument; of

*(b)* 'n instrument behalwe 'n opeisbare instrument, die tydperk wat begin op die datum van uitreiking of oordrag van daardie instrument en wat eindig op die aflossingsdatum van daardie instrument;''.

(2) Paragrawe *(a)*, *(b)* en *(d)* van subartikel (1) tree op 1 April 2012 in werking en is van toepassing ten opsigte van bedrae ontvang deur of toegeval aan of aangegaan deur 'n persoon gedurende jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

**Wysiging van artikel 24JA van Wet 58 van 1962, soos ingevoeg deur artikel 48 van Wet 7 van 2010**

**54.** (1) Artikel 24JA van die Inkomstebelastingwet, 1962, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die omskrywing van ''murabaha'' deur die volgende omskrywing te vervang:

'' **'murabaha'** 'n sharia-reëling tussen 'n finansier en 'n kliënt van daardie finansier, waarvan een 'n bank is, ingevolge waarvan—

*(a)* die finansier 'n bate van 'n derde party (die verkoper) sal verkry ten behoewe van die kliënt op die voorwaardes en bedinge waarop deur die kliënt en die verkoper ooreengekom word;

*(b)* die kliënt—

(i) will acquire the asset from the financier within 180 days after the acquisition of the asset by the financier contemplated in paragraph *(a)*; and

(ii) agrees to pay to the financier a total amount that—

*(aa)* exceeds the amount payable by the financier to the seller as consideration to acquire the asset;

*(bb)* is calculated with reference to the consideration payable by the financier to the seller in combination with the duration of the sharia arrangement; and

*(cc)* may not exceed the amount agreed upon between the financier and the client when the sharia arrangement is entered into; and

*(c)* no amount is received by or accrues to the financier in respect of that asset other than an amount contemplated in paragraph *(b)*(ii);";

*(b)* by the insertion in subsection (1) after the definition of "sharia arrangement" of the following definition:

" **'sukuk'** means a sharia arrangement whereby—

*(a)* the government of the Republic disposes of an interest in an asset to a trust; and

*(b)* the disposal of the interest in the asset to the trust by the government is subject to an agreement in terms of which the government undertakes to reacquire on a future date from that trust the interest in the asset disposed of at a cost equal to the cost paid by the trust to the government to obtain the asset.";

*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) **[For the purposes of section 10(1)*(i)*(xv)*(bb)*(A) and (B), any]** Any amount received by or accrued to a client in terms of a mudaraba is deemed to be interest as defined in section 24J(1).";

*(d)* by the substitution for subsection (3) of the following subsection:

"(3) Where any murabaha is entered into between a **[bank]** financier and a client of that **[bank]** financier as contemplated in paragraph *(a)* of the definition of 'murabaha'—

*(a)* the **[bank]** financier is deemed not to have acquired or disposed of the asset under the sharia arrangement;

*(b)* the client is deemed to have acquired the asset from the seller—

(i) for consideration equal to the amount paid by the **[bank]** financier to the seller; and

(ii) at such time as the **[bank]** financier acquired the asset from the seller by virtue of the transaction between the seller and the **[bank]** financier;

*(c)* the murabaha is deemed to be an instrument for the purposes of section 24J;

*(d)* the difference between the amount of consideration paid for the asset by the **[bank]** financier to the seller and the consideration payable to the **[bank]** financier by the client to acquire the asset as contemplated in paragraph *(a)*(ii)*(bb)* of the definition of 'murabaha' is deemed to be a premium paid for the purposes of section 24J; and

*(e)* the amount of consideration paid by the **[bank]** financier to acquire the asset as contemplated in paragraph *(a)*(i) of the definition of 'murabaha' is deemed to be an issue price for the purposes of section 24J.";

*(e)* by the deletion of subsection (4);

*(f)* by the substitution for subsection (6) of the following subsection:

"(6) *(a)* For the purposes of subsection (5), where an instalment is paid by the client to the bank, a portion of that instalment, the amount of which must be determined in accordance with paragraph *(b)*, is deemed to be interest as defined in section 24J(1).

(i) die bate van die finansier sal verkry binne 180 dae na die verkryging van die bate deur die finansier in paragraaf *(a)* beoog; en

(ii) ooreenkom om aan die finansier 'n totale bedrag te betaal wat—

*(aa)* die bedrag betaalbaar deur die finansier aan die verkoper as vergoeding om die bate te verkry, oorskry;

*(bb)* bereken word met verwysing na die vergoeding betaalbaar deur die finansier aan die verkoper in kombinasie met die duur van die sharia-reëling; en

*(cc)* nie die bedrag ooreengekom tussen die finansier en die kliënt toe die sharia-reëling aangegaan is, mag oorskry nie; en

*(c)* geen bedrag ontvang word deur of toeval aan die finansier ten opsigte van daardie bate buiten 'n bedrag in paragraaf *(b)*(ii) beoog nie;";

*(b)* deur in subartikel (1) na die omskrywing van "sharia-reëling" die volgende omskrywing in te voeg:

" **'sukuk'** 'n sharia-reëling ingevolge waarvan—

*(a)* die regering van die Republiek oor 'n belang in 'n bate aan 'n trust beskik; en

*(b)* die beskikking oor die belang in die bate aan die trust deur die regering onderhewig is aan 'n ooreenkoms ingevolge waarvan die regering onderneem om op 'n toekomstige datum die belang in die bate waaroor beskik is van daardie trust te herverkry teen 'n koste gelyk aan die koste betaal deur die trust aan die regering om die bate te verkry.";

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) **[By die toepassing van artikel 10(1)*(i)*(xv)*(bb)*(A) en (B) moet enige]** Enige bedrag ontvang deur of toegeval aan 'n kliënt ingevolge 'n mudaraba word geag **[word]** rente soos omskryf in artikel 24J(1) te wees.";

*(d)* deur subartikel (3) deur die volgende subartikel te vervang:

"(3) Waar enige murabaha aangegaan word tussen 'n **[bank]** finansier en 'n kliënt van daardie **[bank]** finansier soos in paragraaf *(a)* van die omskrywing van 'murabaha' beoog—

*(a)* word die **[bank]** finansier geag nie ingevolge die sharia-reëling die bate te verkry of te verhandel het nie;

*(b)* word die kliënt geag die bate van die verkoper te verkry het—

(i) vir vergoeding gelyk aan die bedrag deur die **[bank]** finansier aan die verkoper betaal; en

(ii) op die tydstip wat die **[bank]** finansier die bate van die verkoper verkry het uit hoofde van die transaksie tussen die verkoper en die **[bank]** finansier;

*(c)* word die murabaha geag 'n instrument by die toepassing van artikel 24J te wees;

*(d)* word die verskil tussen die bedrag aan vergoeding vir die bate deur die **[bank]** finansier aan die verkoper betaal en die vergoeding betaalbaar aan die **[bank]** finansier deur die kliënt om die bate soos beoog in paragraaf *(a)*(ii)*(bb)* van die omskrywing van 'murabaha' te verkry, geag 'n premie betaal by die toepassing van artikel 24J te wees; en

*(e)* word die bedrag aan vergoeding deur die **[bank]** finansier betaal om die bate soos beoog in paragraaf *(a)*(i) van die omskrywing van 'murabaha' te verkry, geag 'n uitreikingsprys by die toepassing van artikel 24J te wees.";

*(e)* deur subartikel (4) te skrap;

*(f)* deur subartikel (6) deur die volgende subartikel te vervang:

"(6)*(a)* By die toepassing van subartikel (5), waar 'n paaiement deur die kliënt aan die bank betaal word, word 'n gedeelte van daardie paaiement, waarvan die bedrag ooreenkomstig paragraaf *(b)* bepaal moet word, geag rente soos omskryf in artikel 24J(1) te wees.

*(b)* The amount contemplated in paragraph *(a)* must be determined in accordance with the formula—

$$X = A - B$$

in which formula—

(i) 'X' represents the amount to be determined;

(ii) 'A' represents the total amount of the instalment payable by the client to the bank;

(iii) 'B' represents the expenditure incurred by the bank to acquire the portion of the interest in the asset transferred to the client in exchange for the instalment payable by the client to the bank."; and

*(g)* by the addition after subsection (6) of the following subsection:

"(7) Where any sukuk is entered into—

*(a)* the trust is deemed not to have acquired the asset from the government of the Republic under the sharia arrangement;

*(b)* the government is deemed not to have disposed of or reacquired the asset; and

*(c)* any consideration paid by the government in respect of the use of the asset held by the trust is deemed to be interest as defined in section 24J(1).".

(2) Subsection (1) comes into operation on a date determined by the Minister of Finance by notice in the *Gazette*.

**Amendment of section 25BA of Act 58 of 1962, as inserted by section 39 of Act 17 of 2009 and amended by section 49 of Act 7 of 2010**

**55.** (1) Section 25BA of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of the following paragraph:

"*(b)* to the extent that the amount is not distributed as contemplated in paragraph *(a)* within 12 months of its receipt by that portfolio**[,]**—

(i) be deemed to have accrued to that portfolio on the last day of the period of 12 months commencing on the date of its receipt by that portfolio; and

(ii) to the extent that the amount is attributable to a dividend received by or accrued to that portfolio, be deemed to be income of that portfolio.".

(2) Subsection (1) comes into operation on 1 January 2012 and applies in respect of amounts received by or accrued to a portfolio of a collective investment scheme during years of assessment of the portfolio commencing on or after that date.

**Amendment of section 30B of Act 58 of 1962, as inserted by section 55 of Act 7 of 2010**

**56.** (1) Section 30B of the Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"**[The]** Subject to subsections (3) and (4), the Commissioner must approve an entity for the purposes of section 10(1)*(d)*(iii) or (iv) if—".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 31 October 2010.

**Substitution of section 31 of Act 58 of 1962**

**57.** (1) The Income Tax Act, 1962, is hereby amended by the substitution for section 31 of the following section:

"**Tax payable in respect of international transactions to be based on arm's length principle**

**31.** (1) For the purposes of this section—

**'affected transaction'** means any transaction, operation, scheme, agreement or understanding where—

*(b)* Die bedrag beoog in paragraaf *(a)* moet bepaal word ooreenkomstig die formule—

$$X = A - B$$

in welke formule—

(i) 'X' die bedrag bepaal te word, voorstel;

(ii) 'A' die totale bedrag voorstel van die paaiement betaalbaar deur die kliënt aan die bank;

(iii) 'B' die uitgawes voorstel deur die bank aangegaan om die gedeelte van die belang te verkry in die bate na die kliënt oorgedra in ruil vir die paaiment deur die kliënt aan die bank betaalbaar."; en

*(g)* deur na subartikel (6) die volgende subartikel by te voeg:

"(7) Waar enige sukuk aangegaan word—

*(a)* word die trust geag nie die bate van die regering van die Republiek kragtens die sharia-reëling te verkry het nie;

*(b)* word die regering geag nie oor die bate te beskik het of die bate te herverkry het nie; en

*(a)* op of na daardie datum; en

*(b)* op of voor 31 Desember 2012.

**Vervanging van artikel 8A van Wet 25 van 2007, soos ingevoeg deur artikel 128 van Wet 7 van 2010**

**149.** (1) Die Wet op Belasting op Oordrag van Sekuriteite, 2007, word hierby gewysig deur artikel 8A deur die volgende artikel te vervang:

"**8A.** (1) In die geval van 'n murabaha soos omskryf in artikel 24JA(1) van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962)—

*(a)* word die finansier geag nie enige uiteindelike geregtigheid van die sekuriteit kragtens die sharia-reëling te verkry het nie; en

*(b)* word die kliënt geag uiteindelike geregtigheid van die sekuriteit te verkry het van die verkoper—

(i) vir 'n bedrag gelyk aan die vergoeding betaal deur die finansier aan die verkoper; en

(ii) op die tydstip waarop die finansier die uiteindelike geregtigheid van die sekuriteit verkry het van die verkoper uit hoofde van die transaksie tussen die verkoper en die finansier.".

(2) Subartikel (1) tree in werking op 'n datum deur die Minister van Finansies by kennisgewing in die *Staatskoerant* bepaal.

**Phetošo ya karolo ya 8A ya Molao wa 28 wa 2008, bjalo ka ge e tsentšwe ke karolo ya 135 ya Molao wa 7 wa 2010**

**150.** (1) Karolo ya 8A ya Molao wa Royalithi ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo, 2008, o a fetolwa ka peobakeng ya hlogo ya hlogo ye e latelago:

"**Kimollo ya phetišetšo ya diphetišetšo gare ga barafi**".

(2) Karolowana ya (1) e akanywa e thomile go šoma ka 1 Matšhe 2010 gomme e šoma mabapi le methopo ya diminirale yeo e fetišitšwego ka goba morago ga letšatšikgwedi leo.

**Phetošo ya karolo ya 10 ya Molao wa 28 wa 2008, bjalo ka ge e fetotšwe ke karolo ya 101 ya Molao wa 17 wa 2009**

**151.** (1) Karolo ya 10 ya Molao wa Royalithi ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo, 2008, o a fetolwa ka peobakeng ka go karolwana ya (1) bakeng sa temana ya *(a)* ya temana ye e latelago:

"*(a)* o akanywa go ba **[morafi]** motho mola **[boingwadišo]** kgetho yeo e thomago go šoma; gomme".

(2) Karolowana ya (1) e akanywa e thomile go šoma ka 1 Matšhe 2010 gomme e šoma mabapi le methopo ya diminirale yeo e fetišitšwego ka goba morago ga letšatšikgwedi leo.

**Phetošo ya karolo ya 15 ya Molao wa 28 wa 2008**

**152.** (1) Molao wa Royalithi ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo, 2008, o a fetolwa ka peobakeng ya karolo ya 15 ya karolo ye e latelago:

"**Ditšhelete tša dinagantle**

**15.** Tšhelete yeo e amogetšwego ke goba ya go oketšega go, goba ditshenyagalelo goba tahlegelo ka **[,]**—

*(a)* khamphani ya oli goba ya gase bjalo ka ge go hlalošitšwe ka go temana ya 1 ya Šetulo ya Bolesome go Molao wa Legetho la Letseno ka

currency of the Republic must be translated to the currency of the Republic by applying the average exchange rate for the year in which that amount was so received or accrued or expenditure or loss was so incurred;

*(b)* an extractor in any currency other than the currency of the Republic must be translated to the currency of the Republic by applying the spot rate, as defined in section 1 of the Income Tax Act, on the date on which that amount was so received or accrued or expenditure or loss was so incurred.''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2010 and applies in respect of a mineral resource transferred on or after that date.

**Amendment of Schedule 2 to Act 28 of 2008, as amended by section 103 of Act 17 of 2009 and section 137 of Act 7 of 2010**

**153.** (1) Schedule 2 to the Mineral and Petroleum Resources Royalty Act, 2008, is hereby amended by the substitution for the words in the ''Unrefined condition'' column corresponding to ''Vanadium'' of the following words:

''Concentrate < 10% $V_2O_5$ equivalent and less than 2% calcium and silica bearing gangue minerals ($SiO_2$ + CaO)''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2010 and applies in respect of a mineral resource transferred on or after that date.

**Amendment of section 4 of Act 60 of 2008, as amended by section 138 of Act 7 of 2010**

**154.** (1) Section 4 of the Revenue Laws Amendment Act, 2008 (Act No. 60 of 2008), is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) **[Paragraphs]** Paragraph *(b)* **[and *(c)*]** of subsection (1) **[come]** comes into operation on 1 January 2011.''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 21 October 2008.

**Amendment of section 14 of Act 60 of 2008**

**155.** (1) Section 14 of the Revenue Laws Amendment Act, 2008, is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) Subsection (1) comes into operation on **[the date on which Part VIII of Chapter II of the Income Tax Act, 1962, comes into operation]** 1 April 2013.''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 21 October 2008.

**Repeal of section 55 of Act 17 of 2009**

**156.** The Taxation Laws Amendment Act, 2009 (Act No. 17 of 2009), is hereby amended by the repeal of section 55.

**Amendment of section 69 of Act 17 of 2009, as amended by section 152 of Act 7 of 2010**

**157.** (1) Section 69 of the Taxation Laws Amendment Act, 2009, is hereby amended—

*(a)* by the insertion in subsection (1) of the word ''and'' at the end of paragraph *(b*C*)*;

*(b)* by the deletion in subsection (1) of paragraph *(c)*; and

*(c)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

''(2) Paragraphs *(a)*, *(b)***[, *(c)*]** and *(d)* of subsection (1), except insofar as they insert the words 'or as part of', come into operation on the date on which Part VIII of Chapter II of the Income Tax Act, 1962, comes into operation.''.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 30 September 2009.

tšhelete ye nngwe le ye nngwe ntle le ya Repabliki e swanetše go fetolelwa go tšhelete ya Repabliki ka go šomiša kelophetolelotšhelete ya palogare ya ngwaga woo tšhelete e amogetšwego goba e oketšegilego goba ditshenyagalelo goba ditlahlegelo di bilego gona;

*(b)* tšhelete ye nngwe le ye nngwe ntle le ya Repabliki e swanetše go fetolelwa go tšhelete ya Repabliki ka go šomiša kelo ya bonako, bjloa ka ge go hlalošitšwe ka go karolo ya 1 ya Molao wa Motshelo wa Letseno, ka tšatšikgwedi leo tšhelete e amogetšwego goba e oketšegilego goba ditshenyagalelo goba ditlahlegelo di bilego gona.".

(2) Karolowana ya (1) e akanywa e thomile go soma ka 1 Matshe 2010 gomme e šoma mabapi le methopo ya diminirale yeo e fetišitšwego ka goba ka morago ga letšatšikgwedi leo.

**Phetošo ya Šetulo ya 2 ya Molao wa 28 wa 2008, bjalo ka ge e fetotšwe ke karolo ya 103 ya Molao wa 17 wa 2009 le karolo ya 137 ya Molao wa 7 wa 2010**

**153.** (1) Šetulo ya 2 ya Molao wa Royalithi ya Methopo ya Diminerale le Petroliamo, 2008, o a fetolwa ka peobakeng ya mantšu ka go kholomo ya "Maemo ao a sego a hlwekišwa" ao a swanago le "Bantiamo" ya mantšu a a latelago:

"Motswakothwii < wo o lekanago le 10% ya $V_2O_5$ eupša o le ka fase ga 2% ya khalesiamo le dimimirale tša go hloka mohola tšeo go hloka mohola tšeo ayone e humanwago go tšona tša go ba le silikhone ($SiO_2$ + CaO)".

(2) Karolowana ya (1) e akanywa e thomile go šoma ka 1 Matšhe 2010 gomme e šoma mabapi le methopo ya diminirale yeo e fetišitšwego ka goba ka morago ga letšatšikgwedi leo.

**Wysiging van artikel 4 van Wet 60 van 2008**

**154.** (1) Artikel 4 van die Wysigingswet op Inkomstewette, 2008 (Wet No. 60 van 2008), word hierby gewysig deur subartikel (4) deur die volgende subartikel te vervang:

"(4) **[Paragrawe *(e)*, *(g)* en]** Paragraaf *(s)* van subartikel (1) tree op 1 Januarie 2011 in werking **[op die datum waarop Deel VIII van Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet, 1962, in werking tree]**.".

(2) Subartikel (1) word geag op 21 Oktober 2008 in werking te getree het.

**Wysiging van artikel 14 van Wet 60 van 2008**

**155.** (1) Artikel 14 van die Wysigingswet op Inkomstewette, 2008, word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Subartikel (1) tree **[in werking]** op **[die datum waarop Deel VIII van Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet, 1962,]** 1 April 2013 in werking **[tree]**.".

(2) Subartikel (1) word geag op 21 Oktober 2008 in werking te getree het.

**Herroeping van artikel 55 van Wet 17 van 2009**

**156.** Die Wysigingswet op Belastingwette, 2009 (Wet No. 17 van 2009), word hierby gewysig deur artikel 55 te herroep.

**Wysiging van artikel 69 van Wet 17 van 2009, soos gewysig deur artikel 152 van Wet 7 van 2010**

**157.** (1) Artikel 69 van die Wysigingswet op Belastingwette, 2009, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) die woord "en" aan die einde van paragraaf *(b*C*)* in te voeg;

*(b)* deur in subartikel (1) paragraaf *(c)* te skrap; en

*(c)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Paragrawe *(a)*, *(b)***[**, ***(c)*****]** en *(d)* van subartikel (1), behalwe insoverre hulle die woorde 'of as deel van' invoeg, tree in werking op die datum waarop Deel VIII van Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet, 1962, in werking tree.".

(2) Subartikel (1) word geag op 30 September 2009 in werking te getree het.

**Repeal of section 79 of Act 17 of 2009**

**158.** (1) The Taxation Laws Amendment Act, 2009, is hereby amended by the repeal of section 79.

(2) Subsection (1) comes into operation on the date on which Part VIII of Chapter II of the Income Tax Act, 1962, comes into operation.

**Amendment of section 6 of Act 7 of 2010**

**159.** (1) Section 6 of the Taxation Laws Amendment Act, 2010 (Act No. 7 of 2010), is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (1) of paragraphs *(m)* and *(n)*;

*(b)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* in the case of any foreign partnership that is established or formed before 24 August 2010, as from the commencement of years of assessment commencing on or after 1 October **[2010]** 2011; and"; and

*(c)* by the deletion of subsection (7).

(2) Paragraph *(a)* of subsection (1) is deemed to have come into operation as from the commencement of years of assessment commencing on or after 1 January 2011 and applies in respect of receipts and accruals on or after that date.

(3) Paragraph *(b)* of subsection (1) is deemed to have come into operation on 24 August 2010.

(4) Paragraph *(c)* of subsection (1) is deemed to have come into operation as from the commencement of years of assessment commencing on or after 1 January 2011 and applies in respect of receipts and accruals on or after that date.

**Amendment of section 18 of Act 7 of 2010**

**160.** (1) Section 18 of the Taxation Laws Amendment Act, 2010, is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (1) of paragraph *(g)*;

*(b)* by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

"(2) Paragraphs *(b)*, *(f)*, *(l),* *(n), (o)*, *(p)*, *(q)* and *(v)* of subsection (1) come into operation on 1 January 2011."; and

*(c)* by the deletion of subsection (4).

(2) Paragraphs *(a)* and *(c)* of subsection (1) are deemed to have come into operation on 1 January 2011.

(3) Paragraph *(b)* of subsection (1) is deemed to have come into operation on 24 August 2010.

**Amendment of section 19 of Act 7 of 2010**

**161.** (1) Section 19 of the Taxation Laws Amendment Act, 2010, is hereby amended—

*(a)* by the deletion in subsection (1) of paragraph *(i)*; and

*(b)* by the deletion of subsection (3).

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation as from the commencement of years of assessment commencing on or after 1 January 2011 and applies in respect of premiums incurred on or after that date.

**Repeal of section 41 of Act 7 of 2010**

**162.** (1) The Taxation Laws Amendment Act, 2010, is hereby amended by the repeal of section 41.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 January 2011 and applies in respect of expenditure incurred on or after that date.

**Repeal of section 42 of Act 7 of 2010**

**163.** (1) The Taxation Laws Amendment Act, 2010, is hereby amended by the repeal of section 42.

**Herroeping van artikel 79 van Wet 17 van 2009**

**158.**(1) Die Wysigingswet op Belastingwette, 2009, word hierby gewysig deur artikel 79 te herroep.

(2) Subartikel (1) tree in werking op die datum waarop Deel VIII van Hoofstuk II van die Inkomstebelastingwet, 1962, in werking tree.

**Wysiging van artikel 6 van Wet 7 van 2010**

**159.** (1) Artikel 6 van die Wysigingswet op Belastingwette, 2010 (Wet No. 7 van 2010), word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragrawe *(d)* en *(e)* te skrap;

*(b)* deur in subartikel (4) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* in die geval van enige buitelandse vennootskap voor 24 Augustus 2010 opgerig of gestig, vanaf die begin van jare van aanslag wat op of na 1 Oktober **[2010]** 2011 begin; en"; en

*(c)* deur subartikel (7) te skrap.

(2) Paragraaf *(a)* van subartikel (1) word geag in werking te getree het vanaf die begin van jare van aanslag wat op of na 1 Januarie 2011 begin en is van toepassing ten opsigte van ontvangste en toevallings op of na daardie datum.

(3) Paragraaf *(b)* van subartikel (1) word geag op 24 Augustus 2010 in werking te getree het.

(4) Paragraaf *(c)* van subartikel (1) word geag in werking te getree het vanaf die begin van jare van aanslag wat op of na 1 Januarie 2011 begin en is van toepassing ten opsigte van ontvangste en toevallings op of na daardie datum.

**Wysiging van artikel 18 van Wet 7 van 2010**

**160.** (1) Artikel 18 van die Wysigingswet op Belastingwette, 2010, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(g)* te skrap;

*(b)* deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

"(2) Paragrawe *(b)*, *(f)*, *(l)*, *(n)*, *(o)*, *(p)*, *(q)* en *(v)* van subartikel (1) tree op 1 Januarie 2011 in werking."; en

*(c)* deur subartikel (4) te skrap.

(2) Paragrawe *(a)* en *(c)* van subartikel (1) word geag op 1 Januarie 2011 in werking te getree het.

(3) Paragraaf *(b)* van subartikel (1) word geag op 24 Augustus 2010 in werking te getree het.

**Wysiging van artikel 19 van Wet 7 van 2010**

**161.** (1) Artikel 19 of the Wysigingswet op Belastingwette, 2010, word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (1) paragraaf *(i)* te skrap; en

*(b)* deur subartikel (3) te skrap.

(2) Subartikel (1) word geag in werking te getree het vanaf die begin van jare van aanslag wat op of na 1 Januarie 2011 begin en is van toepassing ten opsigte van premies op of na daardie datum aangegaan.

**Herroeping van artikel 41 van Wet 7 van 2010**

**162.** (1) Die Wysigingswet op Belastingwette, 2010, word hierby gewysig deur artikel 41 te herroep.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Januarie 2011 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van uitgawes op of na daardie datum aangegaan.

**Herroeping van artikel 42 van Wet 7 of 2010**

**163.** (1) Die Wysigingswet op Belastingwette, 2010, word hierby gewysig deur artikel 42 te herroep.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation as from the commencement of years of assessment commencing on or after 1 January 2011 and applies in respect of premiums incurred on or after that date.

**Amendment of section 46 of Act 7 of 2010**

**164.** (1) Section 46 of the Taxation Laws Amendment Act, 2010, is hereby amended by the substitution in subsection (2) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* in the case of any foreign partnership that is established or formed before 24 August 2010, as from the commencement of years of assessment commencing on or after 1 October **[2010]** 2011; and".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 24 August 2010.

**Repeal of section 56 of Act 7 of 2010**

**165.** (1) Section 56 of the Taxation Laws Amendment Act, 2010, is hereby repealed.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 October 2011 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date.

**Amendment of section 137 of Act 7 of 2010**

**166.** (1) Section 137 of the Taxation Laws Amendment Act, 2010, is hereby amended by the deletion of paragraph *(g)*.

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 March 2010 and applies in respect of a mineral resource transferred on or after that date.

**Amendment of section 138 of Act 7 of 2010**

**167.** (1) Section 138 of the Taxation Laws Amendment Act, 2010, is hereby amended by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

"*(a)* by the deletion in subsection (1) of **[paragraph]** paragraphs *(c)* and *(d)*; and".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 24 August 2010.

**Amendment of section 145 of Act 7 of 2010**

**168.** (1) Section 145 of the Taxation Laws Amendment Act, 2010, is hereby amended by the substitution for subsections (2) and (3) of the following subsections:

"(2) Paragraph *(a)* of subsection (1) comes into operation on **[1 January 2011 and applies in respect of years of assessment commencing on or after that date]** the date of promulgation of this Act.

(3) Paragraph *(b)* of subsection (1) is deemed to have come into operation on **[1 October 2009]** 1 January 2011.".

(2) Subsection (1) is deemed to have come into operation on 24 August 2010.

**Special zero-rating in respect of goods and services supplied by Cricket South Africa**

**169.** (1) The supply of goods and services by Cricket South Africa in respect of the hosting of—

*(a)* the International Cricket Council Championship Trophy South Africa 2009 event shall be subject to value-added tax imposed in terms of section 7(1) of the Value-Added Tax Act, 1991 (Act No. 89 of 1991), at the rate of zero per cent to the extent that the consideration for that supply is received from the International Cricket Council; and

*(b)* the Champions League Twenty20 (2010) event shall be subject to value-added tax imposed in terms of section 7(1) of the Value-Added Tax Act, 1991 (Act No. 89 of 1991), at the rate of zero per cent to the extent that the consideration for that supply is received from the Governing Council of the Champions League Twenty20.

(2) Paragraph *(a)* of subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 April 2009.

(2) Subartikel (1) word geag in werking te getree het vanaf die begin van jare van aanslag wat op of na 1 Januarie 2011 begin en is van toepassing ten opsigte van premies op of na daardie datum aangegaan.

**Wysiging van artikel 46 van Wet 7 van 2010**

**164.** (1) Artikel 46 van die Wysigingswet op Belastingwette, 2010, word hierby gewysig deur in subartikel (2) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* in die geval van enige buitelandse vennootskap wat voor 24 Augustus 2010 opgerig of gestig is, vanaf die begin van jare van aanslag wat op of na 1 Oktober **[2010]** 2011 begin; en".

(2) Subartikel (1) word geag op 24 Augustus 2010 in werking te getree het.

**Herroeping van artikel 56 van Wet 7 van 2010**

**165.** (1) Artikel 56 van die Wysigingswet op Belastingwette, 2010, word hierby herroep.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Oktober 2011 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin.

**Wysiging van artikel 137 van Wet 7 van 2010**

**166.** (1) Artikel 137 van die Wysigingswet op Belastingwette, 2010, word hierby gewysig deur paragraaf *(g)* te skrap.

(2) Subartikel (1) word geag op 1 Maart 2010 in werking te getree het en is van toepassing ten opsigte van 'n minerale hulpbron op of na daardie datum oorgedra.

**Wysiging van artikel 138 van Wet 7 van 2010**

**167.** (1) Artikel 138 van die Wysigingswet op Belastingwette, 2010, word hierby gewysig deur in subartikel (1) paragraaf *(a)* deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* deur in subartikel (1) **[paragraaf]** paragrawe *(c)* en *(d)* te skrap; en".

(2) Subartikel (1) word geag op 24 Augustus 2010 in werking te getree het.

**Wysiging van artikel 145 van Wet 7 van 2010**

**168.** (1) Artikel 145 van die Wysigingswet op Belastingwette, 2010, word hierby gewysig deur subartikels (2) en (3) deur die volgende subartikels te vervang—

"(2) Paragraaf *(a)* van subartikel (1) tree op **[1 Januarie 2011]** die datum van afkondiging van hierdie Wet in werking **[en is van toepassing ten opsigte van jare van aanslag wat op of na daardie datum begin]**.

(3) Paragraaf *(b)* van subartikel (1) word geag op **[1 Oktober 2009]** 1 Januarie 2011 in werking te getree het.".

(2) Subartikel (1) word geag op 24 Augustus 2010 in werking te getree het.

**Spesiale nulskaling ten opsigte van goed en dienste gelewer deur Krieket Suid-Afrika**

**169.** (1) Die lewering van goed en dienste deur Krieket Suid-Afrika ten opsigte van die plaasneming van—

*(a)* die Internasionale Krieketraad se Kampioenskapbeker Suid-Afrika 2009-gebeurtenis is onderhewig aan belasting op toegevoegde waarde gehef ingevolge artikel 7(1) van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991), teen die koers van nul persent, namate die vergoeding vir daardie lewering van die Internasionale Krieketraad ontvang word; en

*(b)* die Kampioenskapliga Twintig20 (2010)-gebeurtenis is onderhewig aan belasting op toegevoegde waarde gehef ingevolge artikel 7(1) van die Wet op Belasting op Toegevoegde Waarde, 1991 (Wet No. 89 van 1991), teen die koers van nul persent, namate die vergoeding vir daardie lewering van die Beheerraad van die Kampioenskapliga Twintig20 ontvang word.

(2) Paragraaf *(a)* van subartikel (1) word geag op 1 April 2009 in werking te getree het.

(3) Paragraph *(b)* of subsection (1) is deemed to have come into operation on 1 April 2010.

**Short title and commencement**

**170.** (1) This Act is called the Taxation Laws Amendment Act, 2011.

(2) Except insofar as otherwise provided for in this Act or the context otherwise indicates, the amendments effected to the Income Tax Act, 1962, by this Act shall for the purposes of assessments in respect of normal tax under the Income Tax Act, 1962, be deemed to have come into operation as from the commencement of years of assessment ending on or after 1 January 2012.

(3) Paragraaf *(b)* van subartikel (1) word geag op 1 April 2010 in werking te getree het.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**170.** (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Belastingwette, 2011.

(2) Tensy in hierdie Wet anders bepaal of dit uit die samehang anders blyk, word die wysigings aan die Inkomstebelastingwet, 1962, by hierdie Wet aangebring vir die doeleindes van aanslae ten opsigte van normale belasting kragtens die Inkomstebelastingwet, 1962, geag in werking te getree het met ingang van jare van aanslag wat op of na 1 Januarie 2012 eindig.

## Appendix I

*(Section 6)*

## RATES OF NORMAL TAX AND REBATES

**1.** The rate of tax referred to in section 6(1) of this Act to be levied in respect of the taxable income (excluding any retirement fund lump sum benefit, retirement fund lump sum withdrawal benefit or severance benefit) of any natural person, deceased estate, insolvent estate or special trust (other than a public benefit organisation or recreational club referred to in paragraph 5) in respect of any year of assessment commencing on 1 March 2011 is set out in the table below:

| Taxable income | Rate of tax |
|---|---|
| Not exceeding R150 000 | 18 per cent of taxable income |
| Exceeding R150 000 but not exceeding R235 000 | R27 000 plus 25 per cent of amount by which taxable income exceeds R150 000 |
| Exceeding R235 000 but not exceeding R325 000 | R48 250 plus 30 per cent of amount by which taxable income exceeds R235 000 |
| Exceeding R325 000 but not exceeding R455 000 | R75 250 plus 35 per cent of amount by which taxable income exceeds R325 000 |
| Exceeding R455 000 but not exceeding R580 000 | R120 750 plus 38 per cent of amount by which taxable income exceeds R455 000 |
| Exceeds R580 000 | R168 250 plus 40 per cent of amount by which taxable income exceeds R580 000 |

**2.**

| Description | Reference to Income Tax Act, 1962 | Amount |
|---|---|---|
| Primary rebate | Section 6(2)*(a)* | R10 755 |
| Secondary rebate | Section 6(2)*(b)* | R6 012 |
| Tertiary rebate | Section 6(2)*(c)* | R2 000 |

**3.** The rate of tax referred to in section 6(1) of this Act to be levied in respect of the taxable income of a trust (other than a special trust or a public benefit organisation referred to in paragraph 5) in respect of any year of assessment ending on 29 February 2012 is 40 per cent.

**4.** The rate of tax referred to in section 6(1) of this Act to be levied in respect of the taxable income of a company (other than a public benefit organisation or recreational club referred to in paragraph 5 or a small business corporation referred to in paragraph 6) in respect of any year of assessment ending during the period of 12 months ending on 31 March 2012 is, subject to the provisions of paragraph 11, as follows:

*(a)* 28 per cent of the taxable income of any company (excluding taxable income referred to in subparagraphs *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* and *(g)*) or, in the case of such a company which mines for gold on any gold mine and which is in terms of an option exercised by it exempt from the payment of secondary tax on companies, 35 per cent;

*(b)* in respect of the taxable income derived by any company from mining for gold on any gold mine with the exclusion of so much of the taxable income as the Commissioner of the South African Revenue Service determines to be attributable to the inclusion in the gross income of any amount referred to in paragraph *(j)* of the definition of "gross income" in section 1 of the Income Tax Act, 1962, but after the set-off of any assessed loss in terms of section 20(1) of that Act, a percentage determined in accordance with the formula:

$$y = 34 - \frac{170}{x}$$

or, in the case of a company which is in terms of an option exercised by it exempt from the payment of secondary tax on companies, in accordance with the formula:

## Aanhangsel I

*(Artikel 6)*

## SKALE VAN NORMALE BELASTING EN KORTINGS

**1.** Die skaal van belasting bedoel in artikel 6(1) van hierdie Wet wat gehef word ten opsigte van die belasbare inkomste (met uitsondering van enige uittreefonds enkelbedragvoordeel, uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel of skeidingsvoordeel) van enige natuurlike persoon, gestorwe boedel, insolvente boedel of spesiale trust (behalwe 'n openbare weldaadsorganisasie of ontspanningsklub bedoel in paragraaf 5) ten opsigte van enige jaar van aanslag wat op 1 Maart 2011 begin, word in die table hieronder uiteengesit:

| **Belasbare inkomste** | **Skaal van belasting** |
|---|---|
| Nie R150 000 te bowe gaan nie | 18 persent van belasbare inkomste |
| R150 000 te bowe gaan maar nie R235 000 nie | R27 000 plus 25 persent van bedrag waarmee belasbare inkomste R150 000 te bowe gaan |
| R235 000 te bowe gaan maar nie R325 000 nie | R48 250 plus 30 persent van bedrag waarmee belasbare inkomste R235 000 te bowe gaan |
| R325 000 te bowe gaan maar nie R455 000 nie | R75 250 plus 35 persent van bedrag waarmee belasbare inkomste R325 000 te bowe gaan |
| R455 000 te bowe gaan maar nie R580 000 nie | R120 750 plus 38 persent van bedrag waarmee belasbare inkomste R455 000 te bowe gaan |
| R580 000 te bowe gaan | R168 250 plus 40 persent van bedrag waarmee belasbare inkomste R580 000 te bowe gaan |

**2.**

| **Beskrywing** | **Verwysing na Inkomstebelastingwet, 1962** | **Bedrag** |
|---|---|---|
| Primêre korting | Artikel 6(2)*(a)* | R10 755 |
| Sekondêre korting | Artikel 6(2)*(b)* | R6 012 |
| Tersiêre korting | Artikel 6(2)*(c)* | R2 000 |

**3.** Die skaal van belasting bedoel in artikel 6(1) van hierdie Wet wat gehef word ten opsigte van die belasbare inkomste van 'n trust (behalwe 'n spesiale trust of 'n openbare weldaadsorganisasie bedoel in paragraaf 5) ten opsigte van enige jaar van aanslag wat op 29 Februarie 2012 eindig, is 40 persent.

**4.** Die skaal van belasting bedoel in artikel 6(1) van hierdie Wet wat gehef word ten opsigte van die belasbare inkomste van 'n maatskappy (behalwe 'n openbare weldaadsorganisasie of ontspanningsklub bedoel in paragraaf 5 of 'n kleinsakekorporasie bedoel in paragraaf 6) ten opsigte van enige jaar van aanslag wat eindig gedurende die tydperk van 12 maande wat op 31 Maart 2012 eindig, is, behoudens die bepalings van paragraaf 11, soos volg:

*(a)* 28 persent van die belasbare inkomste van enige maatskappy (behalwe belasbare inkomste bedoel in subparagrawe *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)*, *(f)* en *(g)*) of, in die geval van so 'n maatskappy wat myn vir goud op enige goudmyn en wat ingevolge 'n keuse deur die maatskappy uitgeoefen van die betaling van sekondêre belasting op maatskappye vrygestel is, 35 persent;

*(b)* ten opsigte van die belasbare inkomste deur enige maatskappy uit die myn van goud op enige goudmyn verkry met uitsluiting van soveel van die belasbare inkomste as wat volgens die vasstelling van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens toe te skryf is aan die insluiting by die bruto inkomste van enige bedrag bedoel in paragraaf *(j)* van die omskrywing van "bruto inkomste" in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 1962, maar na die verrekening van enige vasgestelde verlies ingevolge artikel 20(1) van daardie Wet, 'n persentasie vasgestel ooreenkomstig die formule:

$$y = 34 - \frac{170}{x}$$

of, in die geval van 'n maatskappy wat ingevolge 'n keuse deur die maatskappy uitgeoefen van die betaling van sekondêre belasting op maatskappye vrygestel is, ooreenkomstig die formule:

$$y = 43 - \frac{215}{x}$$

in which formulae *y* represents such percentage and *x* the ratio expressed as a percentage which the taxable income so derived (with the said exclusion, but before the set-off of any assessed loss or deduction which is not attributable to the mining for gold from the said mine) bears to the income so derived (with the said exclusion);

*(c)* in respect of the taxable income of any company, the sole or principal business of which in the Republic is, or has been, mining for gold and the determination of the taxable income of which for the period assessed does not result in an assessed loss, which the Commissioner of the South African Revenue Service determines to be attributable to the inclusion in its gross income of any amount referred to in paragraph *(j)* of the definition of "gross income" in section 1 of the Income Tax Act, 1962, a rate equal to the average rate of normal tax or 28 per cent, whichever is higher: Provided that for the purposes of this subparagraph, the average rate of normal tax shall be determined by dividing the total normal tax (excluding the tax determined in accordance with this subparagraph for the period assessed) paid by the company in respect of its aggregate taxable income from mining for gold on any gold mine for the period from which that company commenced its gold mining operations on that gold mine to the end of the period assessed, by the number of rands contained in the said aggregate taxable income;

*(d)* in respect of the taxable income derived by any company from carrying on long-term insurance business in respect of its—
  (i) individual policyholder fund, 30 per cent; and
  (ii) company policyholder fund and corporate fund, 28 per cent;

*(e)* in respect of the taxable income of any personal service provider, as defined in paragraph 1 of the Fourth Schedule to the Income Tax Act, 1962, 33 per cent;

*(f)* in respect of the taxable income (excluding taxable income referred to in subparagraphs *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)* and *(g))* derived by a company which is not a resident, 33 per cent; and

*(g)* in respect of the taxable income derived by a qualifying company contemplated in section 37H of the Income Tax Act, 1962, subject to the provisions of the said section, zero per cent.

**5.** The rate of tax referred to in section 6(1) of this Act to be levied in respect of the taxable income of any public benefit organisation that has been approved by the Commissioner for the South African Revenue Service in terms of section 30(3) of the Income Tax Act, 1962, or any recreational club that has been approved by the Commissioner of the South African Revenue Service in terms of section 30A(2) of that Act is 28 per cent—

*(a)* in the case of an organisation or club that is a company, in respect of any year of assessment ending during the period of 12 months ending on 31 March 2012; or

*(b)* in the case of an organisation that is a trust, in respect of any year of assessment ending on 29 February 2012.

**6.** The rate of tax referred to in section 6(1) of this Act to be levied in respect of the taxable income of any company which qualifies as a small business corporation as defined in section 12E of the Income Tax Act, 1962, in respect of any year of assessment ending during the period of 12 months ending on 31 March 2012 is, subject to the provisions of paragraph 11, set out in the table below:

| **Taxable income** | **Rate of tax** |
|---|---|
| Not exceeding R59 750 | 0 per cent of taxable income |
| Exceeding R59 750 but not exceeding R300 000 | 10 per cent of amount by which taxable income exceeds R59 750 |
| Exceeding R300 000 | R24 025 plus 28 per cent of amount by which taxable income exceeds R300 000 |

$$y = 43 - \frac{215}{x}$$

in welke formules *y* bedoelde persentasie voorstel en *x* die verhouding is, as 'n persentasie uitgedruk, waarin die aldus verkreë belasbare inkomste (met genoemde uitsluiting, maar voor die verrekening van enige vasgestelde verlies of aftrekking wat nie aan die myn van goud uit bedoelde myn toeskryfbaar is nie) staan tot die aldus verkreë inkomste (met genoemde uitsluiting);

*(c)* ten opsigte van die belasbare inkomste van enige maatskappy waarvan die enigste of vernaamste besigheid in die Republiek die myn van goud is of was en waarvan die vasstelling van die belasbare inkomste vir die tydperk van aanslag nie op 'n vasgestelde verlies uitloop nie, wat volgens die vasstelling van die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens toe te skryf is aan die insluiting by sy bruto inkomste van enige bedrag bedoel in paragraaf *(j)* van die omskrywing van "bruto inkomste" in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 1962, 'n skaal gelykstaande aan die gemiddelde skaal van normale belasting of 28 persent, welke ook al die hoogste is: Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie subparagraaf die gemiddelde skaal van normale belasting vasgestel word deur die totale normale belasting (met uitsondering van die belasting wat vir die tydperk van aanslag ooreenkomstig hierdie subparagraaf vasgestel is) wat deur die maatskappy betaal is ten opsigte van sy totale belasbare inkomste uit die myn van goud op enige goudmyn vir die tydperk vanaf die begin van daardie maatskappy se goudmynbedrywighede op daardie goudmyn tot die einde van die tydperk van aanslag deur die getal rande vervat in genoemde totale belasbare inkomste te deel;

*(d)* ten opsigte van die belasbare inkomste deur 'n maatskappy verkry uit bedryf van langtermynversekeringsbesigheid ten opsigte van sy—
  (i) individuele polishouerfonds, 30 persent; en
  (ii) maatskappypolishouerfonds en korporatiewe fonds, 28 persent;

*(e)* ten opsigte van die belasbare inkomste van enige persoonlike diensverskaffer, soos omskryf in paragraaf 1 van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, 33 persent;

*(f)* ten opsigte van die belasbare inkomste (behalwe belasbare inkomste bedoel in subparagrawe *(b)*, *(c)*, *(d)*, *(e)* en *(g)*) verkry deur 'n maatskappy wat nie 'n inwoner is nie, 33 persent; en

*(g)* ten opsigte van die belasbare inkomste verkry deur 'n kwalifiserende maatskappy beoog in artikel 37H van die Inkomstebelastingwet, 1962, behoudens die bepalings van gemelde artikel, nul persent.

**5.** Die skaal van belasting bedoel in artikel 6(1) van hierdie Wet wat gehef word ten opsigte van die belasbare inkomste van enige openbare weldaadsorganisasie wat ingevolge artikel 30(3) van die Inkomstebelastingwet, 1962, deur die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens goedgekeur is of enige ontspanningsklub wat ingevolge artikel 30A(2) van daardie Wet deur die Kommissaris van die Suid-Afrikaanse Inkomstediens goedgekeur is, is 28 persent—

*(a)* in die geval van 'n organisasie of klub wat 'n maatskappy is, ten opsigte van enige jaar van aanslag wat eindig gedurende die tydperk van 12 maande wat op 31 Maart 2012 eindig; of

*(b)* in die geval van 'n organisasie wat 'n trust is, ten opsigte van 'n jaar van aanslag wat op 29 Februarie 2012 eindig.

**6.** Die skaal van belasting bedoel in artikel 6(1) van hierdie Wet wat gehef word ten opsigte van die belasbare inkomste van enige maatskappy wat kwalifiseer as 'n kleinsakekorporasie soos omskryf in artikel 12E van die Inkomstebelastingwet, 1962, ten opsigte van enige jaar van aanslag wat eindig gedurende die tydperk van 12 maande wat op 31 Maart 2012 eindig, word, behoudens die bepalings van paragraaf 11, in die tabel hieronder uiteengesit:

| **Belasbare inkomste** | **Skaal van belasting** |
|---|---|
| Nie R59 750 te bowe gaan nie | 0 persent van belasbare inkomste |
| R59 750 te bowe gaan maar nie R300 000 nie | 10 persent van bedrag waarmee belasbare inkomste R59 750 te bowe gaan |
| R300 000 te bowe gaan | R24 025 plus 28 persent van bedrag waarmee belasbare inkomste R300 000 te bowe gaan |

**7.** The rate of tax referred to in section 6(2) of this Act to be levied in respect of the taxable turnover of a person that is a registered micro business as defined in paragraph 1 of the Sixth Schedule to the Income Tax Act, 1962, in respect of any year of assessment ending during the period of 12 months ending on 31 March 2012 is set out in the table below:

| **Taxable turnover** | **Rate of tax** |
|---|---|
| Not exceeding R150 000 | 0 per cent of taxable turnover |
| Exceeding R150 000 but not exceeding R300 000 | 1 per cent of amount by which taxable turnover exceeds R150 000 |
| Exceeding R300 000 but not exceeding R500 000 | R1 500 plus 2 per cent of amount by which taxable turnover exceeds R300 000 |
| Exceeding R500 000 but not exceeding R750 000 | R5 500 plus 4 per cent of amount by which taxable turnover exceeds R500 000 |
| Exceeding R750 000 | R15 500 plus 6 per cent of amount by which taxable turnover exceeds R750 000 |

**8.** *(a)* (i) If a retirement fund lump sum withdrawal benefit accrues to a person in any year of assessment commencing on or after 1 March 2011, the rate of tax referred to in section 6(1) of this Act to be levied on that person in respect of taxable income comprising the aggregate of—

*(aa)* that retirement fund lump sum withdrawal benefit;

*(bb)* retirement fund lump sum withdrawal benefits received by or accrued to that person on or after 1 March 2009 and prior to the accrual of the retirement fund lump sum withdrawal benefit contemplated in subitem *(aa)*; and

*(cc)* retirement fund lump sum benefits received by or accrued to that person on or after 1 October 2007 and prior to the accrual of the retirement fund lump sum withdrawal benefit contemplated in subitem *(aa)*;

*(dd)* severance benefits received by or accrued to that person on or after 1 March 2011 and prior to the accrual of the retirement fund lump sum withdrawal benefit contemplated in subitem *(aa)*,

is set out in the table below:

| **Taxable income from lump sum benefits** | **Rate of tax** |
|---|---|
| Not exceeding R22 500 | 0 per cent of taxable income |
| Exceeding R22 500 but not exceeding R600 000 | 18 per cent of taxable income exceeding R22 500 |
| Exceeding R600 000 but not exceeding R900 000 | R103 950 plus 27 per cent of taxable income exceeding R600 000 |
| Exceeding R900 000 | R184 950 plus 36 per cent of taxable income exceeding R900 000 |

(ii) The amount of tax levied in terms of item (i) must be reduced by an amount equal to the tax that would be leviable on the person in terms of that item in respect of taxable income comprising the aggregate of—

*(aa)* retirement fund lump sum withdrawal benefits received by or accrued to that person on or after 1 March 2009 and prior to the accrual of the retirement fund lump sum withdrawal benefit contemplated in item (i)*(aa)*;

*(bb)* retirement fund lump sum benefits received by or accrued to that person on or after 1 October 2007 and prior to the accrual of the retirement fund lump sum withdrawal benefit contemplated in item (i)*(aa)*; and

*(cc)* severance benefits received by or accrued to that person on or after 1 March 2011 and prior to the accrual of the retirement fund lump sum withdrawal benefit contemplated in item (i)*(aa)*.

*(b)* (i) If a retirement fund lump sum benefit accrues to a person in any year of assessment commencing on or after 1 March 2011, the rate of tax referred to in section 6(1) of this Act to be levied on that person in respect of taxable income comprising the aggregate of—

*(aa)* that retirement fund lump sum benefit;

*(bb)* retirement fund lump sum withdrawal benefits received by or accrued to that person on or after 1 March 2009 and prior to the accrual of the retirement fund lump sum benefit contemplated in subitem *(aa)*;

**7.** Die skaal van belasting bedoel in artikel 6(2) van hierdie Wet wat gehef word ten opsigte van die belasbare omset van 'n persoon wat 'n geregistreerde mikrobesigheid is soos omskryf in paragraaf 1 van die Sesde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962, ten opsigte van enige jaar van aanslag wat eindig gedurende die tydperk van 12 maande wat op 31 Maart 2012 eindig, word in die tabel hieronder uiteengesit:

| **Belasbare omset** | **Skaal van belasting** |
|---|---|
| Nie R150 000 te bowe gaan nie | 0 persent van belasbare omset |
| R150 000 te bowe gaan maar nie R300 000 nie | 1 persent van bedrag waarmee belasbare omset R150 000 te bowe gaan |
| R300 000 te bowe gaan maar nie R500 000 nie | R1 500 plus 2 persent van bedrag waarmee belasbare omset R300 000 te bowe gaan |
| R500 000 te bowe gaan maar nie R750 000 nie | R5 500 plus 4 persent van bedrag waarmee belasbare omset R500 000 te bowe gaan |
| R750 000 te bowe gaan | R15 500 plus 6 persent van bedrag waarmee belasbare omset R750 000 te bowe gaan |

**8.** *(a)* (i) Indien 'n uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel toeval aan 'n persoon in enige jaar van aanslag wat op of na 1 Maart 2011 begin, word die skaal van belasting bedoel in artikel 6(1) van hierdie Wet wat gehef word op daardie persoon ten opsigte van belasbare inkomste wat bestaan uit die totaal van—

*(aa)* daardie uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel;

*(bb)* uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordele ontvang deur of toegeval aan daardie persoon op of na 1 Maart 2009 en voor die toevalling van die uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel beoog in subitem *(aa)*; en

*(cc)* uittreefonds enkelbedragvoordele ontvang deur of toegeval aan daardie persoon op of na 1 Oktober 2007 en voor die toevalling van die uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel beoog in subitem *(aa)*;

*(dd)* skeidingsvoordele ontvang deur of toegeval aan daardie persoon op of na 1 Maart 2011 en voor die toevalling van die uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel beoog in subitem *(aa)*,

in die tabel hieronder uiteengesit:

| **Belasbare inkomste uit enkelbedragvoordele** | **Skaal van belasting** |
|---|---|
| Nie R22 500 te bowe gaan nie | 0 persent van belasbare inkomste |
| R22 500 te bowe gaan maar nie R600 000 nie | 18 persent van belasbare inkomste wat R22 500 te bowe gaan |
| R600 000 te bowe gaan maar nie R900 000 nie | R103 950 plus 27 persent van belasbare inkomste wat R600 000 te bowe gaan |
| R900 000 te bowe gaan | R184 950 plus 36 persent van belasbare inkomste wat R900 000 te bowe gaan |

(ii) Die bedrag van belasting ingevolge item (i) gehef, moet verminder word deur 'n bedrag gelykstaande aan die belasting wat op die persoon ingevolge daardie item hefbaar sou wees ten opsigte van belasbare inkomste wat bestaan uit die totaal van—

*(aa)* uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordele ontvang deur of toegeval aan daardie persoon op of na 1 Maart 2009 en voor die toevalling van die uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel beoog in item (i)*(aa)*;

*(bb)* uittreefonds enkelbedragvoordele ontvang deur of toegeval aan daardie persoon op of na 1 Oktober 2007 en voor die toevalling van die uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel beoog in item (i)*(aa)*; en

*(cc)* skeidingsvoordele ontvang deur of toegeval aan daardie persoon op of na 1 Maart 2011 en voor die toevalling van die uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordeel beoog in item (i)*(aa)*.

*(b)* (i) Indien 'n uittreefonds enkelbedragvoordeel toeval aan 'n persoon in enige jaar van aanslag wat op of na 1 Maart 2011 begin, word die skaal van belasting bedoel in artikel 6(1) van hierdie Wet wat gehef word op daardie persoon ten opsigte van belasbare inkomste wat bestaan uit die totaal van—

*(aa)* daardie uittreefonds enkelbedragvoordeel;

*(bb)* uittreefonds enkelbedragonttrekkingsvoordele ontvang deur of toegeval aan daardie persoon op of na 1 Maart 2009 en voor die toevalling van die uittreefonds enkelbedragvoordeel beoog in subitem *(aa)*;

